Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

JANUARIE 2025

Bulletin

#overstrand4all

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

#C4ourself

Posbus 20 Hermanus 7200

Hermanus	028 313 8000
Gansbaai-Stanford	028 384 8300
Kleinmond	028 271 8400
Collab Citizen App	

24/7 Munisipale Nooddienste:

Munisipale Dienste	028 313 8111
Brand & Redding	028 312 2400

HONDSDOLHEID

VIR JOU EN SY ONTHALWE:
HOU JOU HOND AAN 'N LEIBAND!

Ongelukkig word bevestigde gevalle van hondsdolheid onder Kaapse pelsrobbe steeds oral langs die kus gerapporteer.

Robbe kan moeiteloos lang afstande in die see aflê en trek dikwels op strande en rotsagtige kusstroke uit om te rus. Op die koop toe spoel karkasse van dooie robbe gereeld langs Overstrand se kuslyn uit.

Uiteraard is nie alle robbe wat ons op strande gewaar noodwendig met hondsdolheid besmet nie. Insgelyks hou nie al die karkasse wat uitspoel 'n gevaar vir die publiek in nie. Maar in belang van almal (mens en dier) se veiligheid, gaan Munisipaliteit Overstrand sy verordening waarvolgens alle honde ten alle tye aan 'n leiband in openbare ruimtes (ingeslote strande) gehou moet word, streng toepas.

Hondsdolheid kan versprei word wanneer besmette robbe honde/mense byt, of wanneer honde robbe byt, maar dit kan ook versprei word wanneer 'n hond bloot aan 'n karkas lek of daaraan knaag.

As jy langs die strand op die karkas van 'n rob of selfs 'n deel daarvan afkom, moenie daaraan raak of dit hanteer nie en sorg dat jy 'n goeie afstand hou tussen jou en 'n lewendige rob wat langs die kuslyn uitgetrek het.

As jy 'n rob teëkom wat oënskynlik abnormale gedrag vertoon, neem 'n video as jy kan en teken die koördinate aan.

Rapporteer asseblief enige gevalle waar 'n rob iemand of 'n troeteldier gebyt of aggressief opgetree het onmiddellik aan Munisipaliteit Overstrand se omgewingsbestuursafdeling by 028 316 3724 (kantoorure) of brand-weer-en-reddingsdienste se noodbeheerkamer by 028 312 2400 (na ure) sowel as op die iNaturalist-webtuiste. So nie, stel die staatsveearts in kennis deur 083 236 2924 te bel.

VOORKOMING IS REGTIG DIE BESTE OPSIE

Ons doen 'n beroep op alle troeteldiereienaars om verantwoordelikheid aan die dag te lê deur die nodige voorsorg te tref (d.w.s. seker te maak dat hul troeteldier se inenting op datum is) en die wet te gehoorsaam: Geen honde mag sonder 'n leiband in enige openbare ruimte wees nie: ***Nie op die strand en ook nie langs 'n kuspaadjie nie.***

BEHANDEL ONS AFVALVERWYDERAARS MET DIE NODIGE RESPEK, ASSEBLIEF

Week na week daag hulle op om jou afval te verwyder, en week na week moet hulle hul storie ken om happende honde te ontduik, honde wat oënskynlik al van vroegdag vir hulle lê en wag.

Boonop doen hierdie werkers gereeld snye en skrape op omdat mense die gewoonte het om sommer alles en nog wat net so in die vullisdrom of -sak te gooi sonder om 'n oomblik na te dink oor die skade wat dit die niksvermoedende persoon kan berokken wat daai drom of sak ná hulle moet hanteer.

AFVALVERWYDERAARS LEWER 'N NOODSAAKLIKE DIENS *WAARSONDER GEEN INWONER KAN KLAARKOM NIE.* DIT LAAT MENS WONDER: HOEKOM HET ONS SO MIN ONTSAG VIR HUL VEILIGHEID EN WELSTAND?

➢ Betreffende honde:

Ingevolge Munisipaliteit Overstrand se verordening met betrekking tot die aanhou van honde mag niemand 'n hond aanhou op 'n perseel wat nie tot só 'n mate omhein is dat die hond se bewegings ten alle tye tot die perseel beperk word nie.

Kortom, as daar bevind word dat jou hond 'n bedreiging inhou vir of afvalverwyderaars lastig val ***omdat jy nie sy bewegings tot jou erf beperk het nie***, kan die munisipaliteit die dier skut ongeag hoe groot die hond is of tot watter ras hy behoort.

Aangesien almal wat in die Overstrand woon maar al te bewus is van die dae waarop afval in hul areas verwyder word, kan hulle ons en hul honde gerus 'n guns doen: Sorg dat julle jul honde uit die strate hou sodat die afvalverwyderaars hul werk kan doen sonder om te vrees dat hulle verskeur gaan word.

➢ Betreffende skerp voorwerpe:

Glipsies gebeur en daar is nie 'n enkele huishouding wat daarop kan roem dat niemand nog ooit 'n glas/koppie/bord laat val het of per ongeluk 'n bottel omgestamp het nie.

Die eerste reaksie is tipies om die skerwe so gou moontlik op te vee om te verhoed dat iemand 'n voet of 'n hand sny.

Ongelukkig is die volgende tipiese reaksie om goedsmoeds die skerwe in die vullisdrom/-sak te gooi sonder om daaraan te dink dat daardie skerwe die volgende persoon wat die sak hanteer dalk erg kan sny. Hoe onbedagsaam!

Sorg asseblief altyd dat skerp voorwerpe (gebreekte glase, bottels, borde, ens.) in koerantpapier toegedraai word vóór jy hulle in die vullisdrom/-sak gooi: Jy sal verbaas wees hoe baie vullisverwyderaars hierdie eenvoudige sorgsame gebaar waardeer.

KONTAKNOMMERS VIR HERMANUSPOSKANTOOR

Bel een van hierdie nommers as jy die poskantoor in die hande wil kry:

- 028 312 1531 [takbestuurder]
- 028 313 6180 [kassier]
- 028 312 2316 [depot]

ALLE **BOORGATE/ SYFERBOORGATE** *MOET* GEREGISTREER WORD

Baie eienaars van eiendomme wend hulle deesdae tot 'n boorgat of syferboorgat om te verseker dat hul huishoudings toegang tot 'n alternatiewe bron van water het en om terselfdertyd hul maandelikse waterrekenings so laag as moontlik te hou.

Alhoewel Munisipaliteit Overstrand begryp dat huishoudings hulself teen die moontlikheid dat iets met munisipale infrastruktuur kan skeefloop en klimaatsverandering se impak op reënvalpatrone wil beskerm, doen ons nogtans 'n beroep op inwoners om bedag te wees op die skade wat oormatige ekstrahering van grondwater kan veroorsaak.

'n Beduidende daling in grondwatervlakke hou nie net 'n gevaar vir die werking van munisipale watervoorsieningstelsels in nie, maar kan ook die ekosisteme wat ons riviere en stroompies se vloei reguleer, bedreig.

Dit is veral van belang om daarop te let dat alle boorgate en syferboorgate aan die Nasionale Waterwet (Wet 36 van 1998) moet voldoen en ingevolge artikel 51 van Munisipaliteit Overstrand se Waterverordening geregistreer moet word.

Om dus te verseker dat jou boorgat/syferboorgat geregistreer is, kontak asseblief die betrokke verteenwoordiger van die departement siviele-ingenieursdienste wat jou met graagte sal help om die nodige registrasievorm te voltooi. As 'n alternatief kan jy die vorm via die munisipale webtuiste www.overstrand.gov.za aflaai en die voltooide vorm dan so gou as moontlik by jou naaste munisipale kantoor inhandig.

Water wat via boorgate/syferboorgate geëkstraheer word, moet aan die SANS 0241-standaarde vir drinkwater voldoen, en geen boorgat/syferboorgat mag gekoppel word aan enige installasie wat ook met die munisipale watervoorsieningstelsel verbind is nie.

Om jou boorgat/syferboorgat te registreer, kontak:

- Hermanus tot Fisherhaven/Benguela Cove: Anne-Marie Jesson [ajesson@overstrand.gov.za]
- Kleinmond/Bettysbaai, Pringlebaai/Rooiels: Theresa Arendse [tarendse@overstrand.gov.za]
- Gansbaai/Stanford/Pearly Beach/ Baardskeerdersbos/Buffeljagsbaai: Tanya Smit [tsmit@overstrand.gov.za]

ONRUS-ESTUARIUM

UITNODIGING OM KOMMENTAAR TE LEWER OP

KONSEPPLAN OM INSTANDHOUDING TE BESTUUR

Onlangse vloedvoorvalle het daartoe gelei dat 'n aansienlike hoeveelheid sediment in die laer-Onrusrivier en -estuarium gedeponeer is, met die gevolg dat die vlak van die estuariumbedding plek-plek met meer as drie meter gestyg het.

Gegewe sy huidige toestand is dit onwaarskynlik dat die Onrus-estuarium bestand sal wees teen nog 'n vloed/swaar neerslag, wat impliseer dat lewens en eiendomme in gevaar kan verkeer.

Juis daarom is die voorstel dat daar ooreengekom moet word op 'n plan om die estuarium in stand te hou.

Daardie plan (in Engels bekend as 'n *maintenance mangement plan* afgekort as MMP) lê nou ter insae in sy konsepvorm vir openbare bespreking en bestudering met die oog op finalisering en voorlegging.

- Ons raai alle belangstellende en belanghebbende partye aan om die konsep-MMP in detail te bestudeer. Die dokument kan via een van die volgende skakels afgelaai word:
  - https://www.overstrand.gov.za/strategies-plans-and-frameworks/
  - https://anchorenvironmental.co.za/public-documents
- Sodanige partye moet ook nie versuim om die openbaredeelnamevergadering by te woon wat op 9 Januarie 2025 van 17:00 tot 19:30 by die NG-kerk in Onrus (Bergstraat 55) gehou gaan word nie.

Enigeen wat kommentaar wil lewer op die konsep-MMP moet asseblief sorg dat hul kommentaar Cheruscha Swart by cher@anchorenvironmental.co.za **teen nie later nie as 3 Februarie 2025 bereik.**

Enige vrae rakende die voorgestelde MMP of versoeke om op hoogte gehou te word, kan ook per e-pos aan me. Swart gestuur word. Sy kan ook telefonies gekontak word by 021 701 3420.

MARIKANA-ELEKTRIFISERING

Vyfhonderd huishoudings in Marikana is vir elektrifisering geoormerk as deel van Fase 2 van Munisipaliteit Overstrand se projek om die lewensgehalte te verbeter van diegene wat in hierdie informele nedersetting in Zwelihle woon.

Vroeg in Desember verlede jaar is die elektrisiteitstoevoer na 170 van hierdie huishoudings aangeskakel en daar word voorsien dat die res van die aansluitings teen die middel van 2025 afgehandel sal wees.

Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, het heel gepas daarop gewys dat "projekte soos hierdie nie net die waardigheid van diegene wat in informele nedersettings woon herstel deurdat hulle eenvoudige dinge soos 'n warm stort kan geniet en hul kos vir langer kan bewaar nie, maar ook grotendeels daartoe bydra om elektriese infrastruktuur te wettig deurdat onwettige en gevaarlike aansluitings in die proses uitgeskakel word".

Daar om Burgemeester Rabie te help om "die ligte aan te skakel", was George Lotter (hooftegnikus: elektries), Derick Hunter (Lyners Consulting Engineers), Abrie Hickman (Adenco Construction), en Jamie Klem (senior superintendent: projekte). Die ware "helde" was egter Rudolph (Dolfie) Hansen en Benjamin Felix [op die hystoestel] wat inderwaarheid die magiese oomblik tot uitvoer gebring het.

ELEKTRISITEITSMETEROUDIT *IN VOLLE SWANG*

Munisipaliteit Overstrand het Spectrum Utility Management (SUM) aangestel om 'n oudit uit te voer van alle elektrisiteitsmeters wat deur die munisipaliteit voorsien word. Die oudit sal beide koopkrag- en konvensionele meters, sowel as eenhede wat geisers outomaties beheer, dek en het ten doel om:

- foutiewe elektrisiteitsmeters te identifiseer en te vervang;
- onveilige elektrisiteitsmeterinstallasies te identifiseer en reg te stel;
- onwettige gebruik van elektrisiteit te identifiseer en reg te stel, met inbegrip van meterknoeiery en onveilige verspreiding; en om
- alle stroombrekers wat elektrisiteitsmeters in die area voorsien, te merk.

HOE DIE OUDIT JOU GAAN RAAK

'n SUM-veldtegnikus sal by jou huis opdaag om die meters soos hier bo gelys, te inspekteer. Hulle gaan ses dae per week (d.w.s. Maandae tot Saterdae) van 07:00 – 18:00 werk met die bedoeling om die oudit teen nie later nie as 30 Junie 2026 af te handel.

Uiteraard gaan hierdie tegnici toegang moet verkry tot beide jou erf en die binnekant van jou huis, afhangende van waar die onderskeie meters/eenhede aangebring is.

Ongelukkig is dit bloot nie haalbaar om 'n amptelike skedule oor waar en wanneer inspeksies gaan plaasvind bekend te maak nie aangesien dit die sogenaamde "kansvatters" in staat sal stel om hul onwettige aktiwiteite te verdoesel lank voordat die veldtegnici opdaag.

Om jou egter nie onnodig te verontrief nie, sal jou wyksraadslid jou laat weet wanneer die veldtegnici met hul werksaamhede in jou area begin het.

Wanneer jy só 'n kennisgewing van jou wyksraadslid ontvang het, sal dit op prys gestel word as jy reëlings vir toegang tot jou perseel kan tref.

In gevalle waar die span nie toegang tot 'n eiendom kan verkry nie, sal hulle 'n nota los waarin die inwoner versoek word om die elektrisiteitsdepartement te kontak sodat 'n geleë tyd vir die inspeksie gereël kan word.

Let daarop dat die oudit meters wat deur Eskom verskaf word, uitsluit.

SEKURITEIT

As bewys van hul magtiging deur Munisipaliteit Overstrand om jou meter te inspekteer, sal alle veldtegnici 'n amptelike SUM-foto-ID dra waarop hul volle naam en identiteitsnommer vertoon word tesame met 'n munisipale telefoonnommer wat jy kan bel om hul geloofwaardigheid te verifieer.

Toegang tot jou perseel moet slegs aan gemagtigde personeel met amptelike identifikasiekaartjies verleen word. As jy enigsins twyfel, bel die elektrisiteitsdepartement asseblief dadelik by 028 316 5600.

Collab Citizen App

Hoekom jou op 'n wispelturige telekommunikasiestelsel verlaat as jy 'n diensversoek in 'n japtrap kan indien en opvolg?

LAAI DIE COLLAB CITIZEN-TOEP SOMMER VANDAG NOG AF EN **SPAAR HOPE TYD.**

Eerstens, vergun Munisipaliteit Overstrand die geleentheid om om verskoning te vra vir die ongerief wat onlangse opgraderings van ons telekommunikasiestelsel veroorsaak het:

- oproepe was onstabiel, afgebreek en/of vertraag;
- deelnemers aan die gesprek kon mekaar skaars hoor; en
- amptenare kon nie uitbel nie en het gesukkel om oproepe deur te skakel

Gelukkig blyk dit dat die meeste van die haakplekke nou uitgesorteer is en dat die stelsel voortaan ten volle funksioneel sal wees.

Dit ten spyt doen ons steeds 'n beroep op inwoners om eerder van die Collab Citizen-toep gebruik te maak omdat dit heelwat geriefliker is.

Sonder om 'n enkele telefoonoproep te maak, kan jy:

- Diensversoeke indien en opvolg
- Terugvoer op jou versoek bekyk en kommentaar op die munisipaliteit se respons lewer
- Rekeningsaldo's en meterlesings nagaan en/of navraag daaroor doen
- Opdatering van rekeninginligting

En jy kan al die bogenoemde 24/7, 365 dae van die jaar van enige plek in die wêreld doen!

Waarom jou met 'n lastige gebellery vermoei? Gaan soek die groen Collab Citizen-ikoon in Google Play Store, Apple App Store of Huawei App Gallery en laai die toep af! Vir 'n handige gids oor hoe om hierdie nutsmiddel te installeer en ten beste te benut, gaan na www.overstrand.gov.za>overstrand-collab-citizen-app.

NUWE MUNISIPALE **WERKSURE**

Na afloop van 'n opname om personeel se menings te peil en nadat daar oorleg gepleeg is met die plaaslike arbeidsforum het Munisipaliteit Overstrand se Raad ingestem tot 'n wysiging van die munisipaliteit se bedryfsure soos hier onder uiteengesit vir 'n proeftydperk van twee maande wat van 1 Januarie tot aan die einde van Februarie 2025 sal duur.

In wese het personeel daartoe ingestem om hul daaglikse etenstyd tot 30 minute (13:00 tot 13:30) te verkort. Die tyd wat aldus gedurende die week gespaar word, beteken dat munisipale kantore vroeër op Vrydae (15:15) kan sluit.

Neem kennis dat hierdie wysigings geensins 'n impak op die lewering van noodsaaklike en nooddienste het nie. Hierdie dienste sal steeds 24/7, 365 dae van die jaar beskikbaar wees.

Om Munisipaliteit Overstrand se nuwe bedryfsure onder die knie te kry, verwys na die handige opsomming hier onder:

Munisipale kantore – administrasie
Ma. - Do.: 07:45 - 13:00 & 13:30 - 16:30
Vrydae: 07:45 - 13:00 & 13:30 - 15:15

Munisipale kantore – operasionele dienste
Ma. - Do.: 07:30 - 13:00 & 13:30 - 16:30
Vrydae: 07:30 - 13:00 & 13:30 - 15:15

BETAALPUNTE:

Rekeninge/ander betalings:

Hermanus:
Maandae - Donderdae: 08:00 - 15:30
Vrydae: 08:00 - 14:15

Gansbaai, Kleinmond, Stanford:
Maandae - Donderdae: 08:00 - 13:00 & 13:30 - 15:30
Vrydae: 08:00 - 13:00 & 13:30 - 14:15

Verkeersdienste:
Maandae - Donderdae:
08:00 - 13:00 & 13:30 - 15:15
Vrydae: 08:00 - 13:00 & 13:30 - 14:15
Hermanus oop vir K53 en voertuigregistrasies gedurende etenstye

Munisipale Hof:
Maandae - Donderdae:
08:00 - 13:00 & 13:30 - 15:00
Vrydae: 08:00 - 13:00 & 13:30 - 14:30

BIBLIOTEKE:

- **Maandae - Donderdae:** 09:30 - 17:00
- **Vrydae:** 08:45 - 15:15

REGISTRASIE VAN SPAZAWINKELS

As deel van 'n omvattende voorkomende veldtog om klante, veral kinders, te beskerm teen skadelike stowwe en eetgoed wat nie meer geskik vir menslike gebruik is nie, moet alle spazawinkels en fasiliteite waar daar met kos gewerk word by die plaaslike munisipaliteit waarbinne hulle bedrywig is, geregistreer wees.

In Munisipaliteit Overstrand se regsgebied is munisipale amptenare reeds besig om inspeksies op die persele uit te voer om te verifieer dat almal wat spazawinkels bedryf, gelisensieer is, aan tersaaklike regulasies voldoen en hulle nie skuldig maak aan die verhandeling van onwettige goedere nie.

Indien daar bevind word dat 'n spazawinkel nie aan die voormelde voldoen nie, sal die eienaar 'n geleentheid gegun word om die saak reg te stel deur 'n formele aansoekvorm te voltooi en dit, tesame met die vereiste ondersteunende dokumentasie, voor te lê.

Daar sal ondermeer van eienaars verwag word om die volgende in te dien:

1. 'n uitleg/bouplan op skaal van die onderneming se perseel;
2. 'n beëdigde verklaring waarin die eienaar bevestig dat hy/sy nie by verhandeling in onwettige goedere betrokke is nie;
3. 'n beëdigde verklaring waarin die eienaar verklaar dat hy/sy die onderneming ooreenkomstig voorgeskrewe norme en standaarde bedryf; en
4. in gevalle waar die perseel deur 'n ander persoon besit word, volmag deur die werklike eienaar (toestemming) dat die perseel vir die doeleindes van 'n spazawinkel gebruik mag word.

In gevalle waar die sake-eienaar nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie, moet die volgende dokumentasie ook voorgelê word:

a) 'n afskrif van die artikel 22- of artikel 24-permit waarvolgens tydelike verblyf aan die aansoeker toegestaan is gegrond op sy/haar status as óf 'n asielsoeker óf 'n vlugteling; en
b) 'n geldige visum wat toestemming aan 'n buitelandse burger verleen om sake in die Republiek van Suid-Afrika te doen.

Wanneer die munisipaliteit ter bevrediging bepaal het dat daar aan alle voorwaardes voldoen word, sal bystand aan die sake-eienaar verleen word om die voorgeskrewe aansoekvorm te voltooi en, ná goedkeuring, sal 'n registrasiekaart of permit uitgereik word wat die eienaar ten alle tye moet vertoon en vir inspeksiedoeleindes byderhand moet hê.

As jy enige vrae oor die registrasieproses het of hulp benodig, besoek gerus jou naaste munisipale kantoor waar 'n openbare skakelbeampte jou sal bystaan. So nie, stuur 'n e-pos na enquiries@overstrand.gov.za.

WEES BEDAG OP *SWENDELARY*

Baie bedrieglike gerugte doen die rondte: Daar is selfs een wat dreig dat jou munisipale dienste nou enige oomblik afgesny gaan word.

Neem asseblief kennis dat Munisipaliteit Overstrand jou nooit via WhatsApp sal inlig dat jou rekeningagterstallig is en dat ons op die punt staan om jou munisipale dienste te diskonnekteer nie.

In gevalle waar rekeninge agterstallig is, word daar streng by die volgende prosedure gehou:

1. As ons 'n kliënt se selfoonnommer op rekord het, sal ons 'n SMS stuur om die kliënt in te lig dat sy/haar rekening agterstallig is en dat hy/sy twee dae gegun word om 'n betaling te maak.
2. As 'n betaling nie binne twee dae gemaak word nie, sal 'n 14-dae-kennisgewing by die kliënt se fisiese adres besorg word asook per e-pos gestuur word mits 'n e-posadres op rekord is.
3. Slegs in gevalle waar 'n betaling nie binne die 14-dae-tydperk gemaak word nie, sal munisipale dienste beperk en/of gediskonnekteer word.

Let ook daarop dat munisipale amptenare nooit op 'n voorbetaling sal aandring sodat jy gekonnekteer kan bly nie. As enige gelde (bv. heraansluitingsfooie) betaalbaar is, moet sodanige betalings direk in Munisipaliteit Overstrand se amptelike bankrekening gemaak word, hetsy via EFT of by 'n betaalkantoor.

Wees asseblief altyd op jou hoede en sorg dat enige verdagte aktiwiteite onmiddellik by die ter sprake owerheid en die SAPD gerapporteer word.

HAWSTONSTADION SE PAVILJOEN NEEM VORM AAN

'n Opkikker vir sport *en* plaaslike ekonomie

Einde-April 2024 het werk om 'n veeldoelige sportfasiliteit in Hawston op te rig in alle erns afgeskop. As deel van fase 1 moes alle siviele-ingenieurswerke eers afgehandel word alvorens die konstruksie van die hoofpaviljoen kon begin.

Munisipaliteit Overstrand kan met genoeë aankondig dat alle voorbereidende werk nou suksesvol afgehandel is en dat die voorneme is om die eerste fase van hierdie R34 miljoen-projek teen einde-Junie 2025 af te handel.

Getrou aan haar motto ("kom kyk self") het Burgemeester Rabie verskeie raadslede sowel as Rikus Badenhorst (die hoof van die DA-kiesafdeling in die Overstrand) genooi om op die terrein rond te stap sodat almal kan begryp wat die omvang is van die werke wat tans onderneem word:

- 'n Versterkte betondraende struktuur bestaande uit 'n fondasie, voetstukke, blaaie, pilare, stutte, verbindingsbalke en trappe;
- Staalrelings vir hangblaaie, skuinsbalke en trappe;
- Voorafvervaardigde sementsitplekke wat sitplek vir nagenoeg 500 mense bied; en
- 'n Betonlaagbedding om die beoogde kleedkamers, ablusiefasiliteite, kiosk en kantore op die grondverdieping te akkommodeer.

Wyk 8 se raadslid Arnie Africa meen dat die bou van die paviljoen as 'n simbool van hoop beskou kan word: "Hierdie projek gaan nie net tot voordeel van plaaslike kontrakteurs en hul spanne strek nie, dit hou ook die belofte van 'n wêreldklasfasiliteit in waar sportmanne en -vroue regtig sal kan uitblink," het hy gesê.

Op sy beurt was Rikus uiters beïndruk met Munisipaliteit Overstrand se besluit om 'n massiewe belegging te maak in die verbetering van die lewensgehalte van Hawston se inwoners: "Plaaslike regerings word dikwels die swaarste getref wanneer provinsiale regerings stappe moet neem om die boeke te laat klop. Persoonlik vind ek dit uiters bemoedigend dat julle gekies het om sommige van die fondse wat vir die opgradering van munisipale infrastruktuur bewillig is, aan te wend om 'n splinternuwe sportfasiliteit op te rig. Op die lange duur gaan hierdie fasiliteit 'n reusebydrae tot die welstand van veral die jeug lewer, en juis daarvoor sê ons dankie."

DIS SOMER! FERNKLOOF-NATUURRESERVAAT NOU OOP TOT 19:00

Stappers moet bedag wees op hul veiligheid

Tot en met die 30ste April sal die natuurreservaat tussen 06:00 en 19:00 oop wees om besoekers en stappers te verwelkom.

Die langer ure ten spyt, moet veral stappers sorg dat hulle hul uitstappies só beplan dat hulle die reservaat ***vóór*** sluitingstyd kan verlaat aangesien die hoofhek nie outomaties oopmaak nie.

In 'n noodgeval, of as jy ná sluitingstyd vind dat jy gestrand is, bel die noodnommer wat op die hek vertoon word: 028 313 8111.

Diegene met 'n geldige bespreking vir die Galpin-oornaghut of wat 'n vergadering of funksie gereël deur Hermanus se Botaniese Vereniging bywoon, hoef nie bekommerd te wees nie: Reëlings sal getref word om seker te maak dat julle die reservaat ongehinderd kan verlaat.

SESMAANDE-VERLENGING VERLEEN VIR BOBBEJAANBESTUURSPROGRAM

Munisipaliteit Overstrand se huidige bobbejaanbestuursprogram gaan nou vir 'n verdere ses maande (met ander woorde tot einde-Junie 2025) duur.

Hierdie verlenging stel die munisipaliteit en die Wes-Kaapse regering in staat om instemming oor sekere sleutelkwessies te bereik, soos die delegering van verantwoordelikhede, befondsing en die strategieë wat die program in die toekoms moet begelei.